Harvesters
MINISTRIES
Opening the Way

Mei 2023






NE0523_5_AF email repub

# Versnel die uitbreiding van die Evangelie

Harvesters werk saam met leraars om verlorenes in afgeleë plekke wat dikwels moeilik toeganklik is, te bereik. **God is kragtig aan die werk**.

Totdat 'n leraar egter 'n dorpie fisies bereik, is daar geen manier om daar te evangeliseer, van gelowiges dissipels te maak, of 'n kerk te plant nie.

'n Leraar kan slegs een dorpie per dag te voet bereik. Met 'n fiets kan hulle dalk twee bereik. Maar met 'n motorfiets kan 'n leraar tot soveel as ses afgeleë dorpies per dag bereik!

Mianmar is 'n land waar Christene dikwels vir hulle geloof vervolg word, maar waar ons 'n werklike geestelike oes sien. Ten spyte hiervan is daar baie dele van Mianmar waar mense nog nooit van Jesus gehoor het nie.

Leraar John* het die tog na sommige van die mees afgeleë dele van sy land dapper aangepak, maar omdat hy te voet reis, was dit nie vir hom moontlik om van die mees afgeleë dorpies te bereik nie.

Toe het hy 'n motorfiets ontvang en kon hy drie afgeleë dorpies in 'n enkele dag bereik waar hy onverskrokke die evangelie verkondig het – en lewens het onmiddellik verander!

*Die nuwe gelowiges het hulle geloof in die openbaar bely deur in 'n nabygeleë rivier gedoop te word en nuwe kerke is geplant. Prys die Here!*

In die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK), het leraar Decoster Simbia ook 'n broodnodige motorfiets ontvang. Hy het opgewonde vertel hoe hierdie geskenk die werk "aan die brand" gesteek het.

Meer as 450 kerke is reeds in die DRK geplant en die leraar het nuwe streke verken waar hy die Evangelie kan verkondig.

"Ons gaan nie ledig wees nie; ons gaan voluit meer kerke plant," het hy gesê. "Ons, hier op voetsoolvlak, is gereed om te gaan waar ook al daar 'n behoefte aan die Woord is. Met hierdie motorfiets kan die werk vinniger as ooit vantevore gedoen word. Ons sal optree en sodoende toesien dat God se koningkryk uitgebrei word."

*Naam verander ter wille van beskerming.

## Ook in hierdie uitgawe:

2 Die belangrikheid van dissipelskap
4 Het jy geweet?

# Die belangrikheid van Dissipelskap

**Die Sendingpdrag**

"**Gaan dan heen**, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld."

**Matteus 28:19-20**

Jesus het ons agtergelaat met 'n Sendingopdrag in Matteus 28:19-20 om in die hele wêreld uit te gaan en dissipels te maak. As gelowiges is dit belangrik om as dissipels van Jesus te leef en te groei deur in ons geloof versterk en gevoed te word en geestelike volwassenheid te bereik. Dit is egter ewe belangrik dat ons self dissipelmakers word.

Dit mag welliswaar na 'n uitdagende taak lyk, maar dit is die opdrag aan elke gelowige.


Jesus was self 'n voorbeeld van hoe om dissipels te maak tydens sy aardse bediening. Hy het doelbewus tyd met Sy volgelinge spandeer, hulle oor die Koninkryk van God geleer, hulle opgelei om ander te dien en riglyne verskaf oor hoe om gehoorsaam te leef. Elkeen van ons is geroep om net so te leef.

Dit is waarom Harvesters elke nuwe gelowige oplei om 'n dissipelmaker te word. Soos ons gehelp word om in ons geloof te groei, moet ons weer ander help om dieselfde te doen.

Patricia de León van Guatemala, wat onlangs Harvesters se Fase A-opleiding voltooi het, is 'n sprekende voorbeeld van die program se impak. Sy het reeds 26




Foto: Patricia











dissipels en beklemtoon die belangrikheid van persoonlike groei en dissipelskap om 'n uitkringeffek van verandering en vermenigvuldiging te skep.

"Gedurende ons leeftyd leer ons hoe om te groei en daagliks ons lewensuitkyk te verander om in hierdie ongenaakbare wêreld te kan leef," het sy gedeel. "Die belangrikste is egter nie om onsself te bevorder nie, maar om die impak te vermenigvuldig deur diegene rondom ons te leer om ook dissipels van Jesus te wees

Patricia is baie dankbaar teenoor Harvesters wat van 'n "ver plek" gekom het om die mense van Guatemala te help. "Harvesters het my op 'n besondere wyse gehelp, want hulle help my om my lewensuitkyk daagliks te verander en te ontwikkel," het sy vertel. "My verhouding met Christus is versterk, en Harvesters het my met bruikbare en doeltreffende gereedskap toegerus."

Die gereedskap wat Patricia gehelp het, is ook aan jou beskikbaar. Jy kan Harvesters na jou kerk uitnooi om ons dissipelmakerkursus aan te bied. Die beginsels wat ons leer is wesenlike Bybelse konsepte wat op 'n praktiese, strategiese en sistematiese manier toegepas word sodat die Sendingopdrag uitgevoer kan word.

Hierdie beginsels van evangelisaie, dissipelskap en kerkplanting word reeds elke dag in meer as 65 lande waar ons werksaam is, uitgevoer. Christus bou sy kerk en ons hoor gereeld van ongelooflike getuienisse van die verstommende krag van God wat in die mees onverwagte plekke geopenbaar word.

Ons het byvoorbeeld onlangs die geleentheid gehad om 'n geslote land in Eurasië te besoek, 'n nasie wat tans in oorlog verwikkeld is. Die lewe daar is moeilik vir Christene as gevolg van beperkings op Protestantisme, wat 'n verbod op openbare aanbidding en evangelisasie, klopjagte op plaaslike kerke en inbeslagneming van materiaal insluit.

Terwyl ons Harvesters se evangelisasiestrategie in die geheim aangebied het, het 'n jong 21-jarige man ons skugter genader en vertel dat hy 20 dissipels het wat hy na Christus gelei het. Ons was verheug om sy getuienis te hoor en was verstom dat iemand wat so jonk is so baie dissipels kon hê.

Hy het tydens die vier dae van opleiding alles geleer wat hy kon. Ons het hom geleer hoe om 'n kerk te plant en dissipels te maak wat op hulle beurt weer dissipels kan maak.

Hy het getuig, "Die vuur in my kan nie geblus word nie ... Ek is deur Jesus aangeraak!"

Beide hierdie jong man asook Patricia dien as inspirerende voorbeelde van die transformerende krag van dissipelskap. Hulle verstaan dissipelskap gaan nie net om persoonlike groei nie, maar ook oor hoe ons die lewens van ander beïnvloed. As Christene is ons geroep om dissipels van alle nasies te maak en om die evangelie tot aan die uithoeke van die aarde te versprei. Kom ons volg in hulle voetspore en maak dissipels wat nóg meer dissipels sal maak, om so die blye boodskap van Jesus Christus aan elkeen wat wil luister, te verkondig.

NEOS23_5_AF email repub





# Het jy geweet?

- Harvesters Ministries is in meer as 65 lande aktief.
- Jou ondersteuning help om elke dag 100 nuwe kerke te plant.
- Ons opleidingmateriaal is in 55 tale beskikbaar.
- Ons het 'n nuwe fase tot ons kurrikulum gevoeg en verskaf tans 7 modules.
- Ons het 34 000 studenteleraars wat evangeliseer, kerke plant en van gelowiges dissipels maak.
- Elke studenteleraar plant gemiddeld 3 kerke.
- Ons het tot op hede meer as 85 000 kerke geplant.
- Ons doelwit vir vanjaar is om nog 35 000 kerke te plant en ons mik om teen 2030 'n miljoen kerke te geplant het.

## Skakel met Harvesters Ministries op enigeen van ons platforms:

- www.facebook.com/harvestersmin
- www.instagram.com/harvestersministries
- www.youtube.com/c/HarvestersMinistries
- www.twitter.com/HarvestersMin
- www.harvestersministries.com

**Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:**
Harvesters Ministries, ABSA Bank,
Rekeningnr: 4075041297, Takkode: 632005
Verwysing: "NE0523AFEM"+[jou naam]

**Meer opsies om te gee:**

Besoek ons webblad ... om **aanlyn** te gee.

Nou kan jy ook met **kripto geldeenhede** gee

Of volg die qr kode om via **Zapper** of **SnapScan** te gee ...

zapper

SnapScan

***Baie dankie vir jou volgehoue ondersteuning!***

Harvesters MINISTRIES

Harvesters Ministries is 'n Geregistreerde Nie-Winsgewende- en Openbare Weldaadsorganisasie Organisasie (NPO en PBO).

WhatsApp: **064-809-6326**
(stuur jou naam en van en ons sal jou kontak).

Telefoon: **021-300-5629**

E-pos: **info@harvestersministries.com**

Posdres: **Freepost CB11432 • Strand, 7139**
(Geen posgeld nodig nie indien binne Suid-Afrika gepos word).

Fisiese Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes , 7130**

*Tree met Harvesters Ministries in verbinding indien jy wil hê ons moet die Dissipelmakerskursus by jou kerk kom aanbied.*

**Opening the Way**